

Hemel-op-Aarde Projek

Nuusbrief



Julie tot September 2026



**We may not be able to
prepare the future for
our children, but we
can at least prepare
our children for the
future.**

-Franklin D. Roosevelt-

"Preparing preschoolers to prosper!" -HOEP slagspreuk-

Dit is presies wat elke borg en gebedsondersteuner van HOEP doen... Julle stel ons in staat om vanjaar 3 215 jong leerders vir hul toekoms voor te berei!

Onder: Daar was aan die begin van kwartaal 3 weer groot opgewondenheid by die skole toe van ons borge self die leerdertjies onder hul borgskap se werkboeke uitgedeel het! Hier spandeer Ashley Davidson en Michael Elias (verteenwoordigers van CS Property Group), Lester Sedras (Communities of Abundance Africa), Isabella Beukes (Elevate Retail Group), Hermien Visser (Melis & Du Plessis Consulting Engineers), Chris Hart en Kit Du Plessis (Eagles Charity Fund) tyd saam met die Graad RR en R leerders op die HOEP-program.



Vroeë remediërende intervensie



Bo: Ons HOEP-spanlede was getrou op hul pos (blok 1), om die remediërende intervensiewerk vir elke komende week persoonlik aan die klasjuffrouens (blok 2) oor te dra. Op hierdie manier bereik HOEP tans 197 opvoeders in 118 skole in die Wes-Kaap en 5 skole in Limpopo op 'n weeklikse basis.

lewers tussen die speel en die lag, tussen die rympies en die stories en die klanke het die leerdertjies selfstandig begin werk. lewers tussen die telwerk en die speletjies en die somme, het elkeen teen sy eie pas, gegroei.



Bo: Leerders kliphard aan die “werk”!

Ons het hierdie kwartaal sorteer en redeneer, geknip en nog BAIE meer. Die belangrikste stap was egter die ontwikkeling van ontluikende lees en skryf, waar die leerders onder meer leer om 12 hoëfrekwensie klanke te herken, beginklanke van woorde op ouditiewe vlak te identifiseer en kort woorde in klanke op te breek.

Onder: Wiskunde in kwartaal 3 was 'n wonderlike leer-avontuur! Hier kan gesien word hoe die juffrouens die leerders deur kleiwerk, vorms, 'n “winkeltjie in die klas” en prente gelei het om getalvorming, 3D-vorms, die waarde van munte en optel- en aftreksomme spelenderwys te bemeester.



Onder: Taalverryking is ook nie agterweë gelaat nie. Die juffrouens het baie ekstra myle geloop om die leerders se woordeskat deur middel van kleurrike tematafels, praktiese ervarings en interessante gesprekke uit te brei.



Onder: Nadat die week se remediërende werk baie goed op konkrete vlak ge oefen is, is daar as finale stap, na die HOEP-werkboeke beweeg. Dit was hartsverwarmend om te sien hoe die leerders hul werkboek-werk geniet, hoe hulle opdragte verstaan en hoe trots hulle op hul voltooide werk is!



Onder: Tussen die akademiese vaardighede wat ontwikkel word, is dit ook HOEP se doelwit om 'n stewige geestelike fondasie vir elke leerdertjie op die program te help lê. Hierdie kwartaal is 'n sukkie Woord weekliks met die leerders gedeel deur onder meer kranige pottebakkerswerk(!), eetbare karretjies, plaasdier-maskers en borrelafdrucke!

Ons gebed is dat die Woord van die Here hierdie leerdertjies dwarsdeur hul lewens sal bybly.



Ons sien uit na die finale afronding tot skoolgereedheid in kwartaal 4.

Saam sterker!



Bo en onder: HOEP en Helderberg Uitreik het oudergewoonte hande gevat rakende 'n hele aantal inisiatiewe. Die brei-dames van Omgee Gemeente het gesorg dat baie kinderlyfies deur die koue wintermaande warm bly. Ronel Lennox van NG Helderberg Gemeente het op haar beurt hope boontjiesakkies gemaak, wat as wonderlike hulpmiddels vir groot motoriese ontwikkeling en telwerk by die skole gebruik word. Al hierdie seëninge is deur Helderberg Uitreik na HOEP gekanaliseer.




Campher, Sunette en Olivia was ook genooi om as sprekers by Helderberg Uitreik se Jaarvergadering op te tree. Wat 'n vreugde om te kon getuig van die Here se pad met HOEP die afgelope dekade (en meer!). Twee van HOEP se borge, Diverso Technology en Elevate Retail Support het treffende video's van hul pad as maatskappye saam met HOEP

gemaak. Dit is tydens ons projek se getuigenisbeurt by NG Helderberg vertoon. Loer gerus op ons Facebook blad: *Helderberg Uitreik Hemel op Aarde Projek*.

Verder was Campher ook genooi om een van Helderberg Uitreik se Fokusgroepe toe te spreek oor HOEP se befondsingsreis. Tydens hierdie gesprek was die sentrale boodskap gerig op HOEP se geloofspad, gehoorsaamheid aan die Here se opdrag, aktiewe wag, verantwoordelike bou van die model en die versorging van donateursverhoudings.

Onder: Ons span is vol vreugde oor die effektiewe manier waarop die HOEP-program in Limpopo in vennootskap met NIKA Capital en XL Education uitgerol word! Shoki Mashitisho (links, onder) ontvang weeklikse aanlyn opleiding deur HOEP en bied dan die remediërende intervensiewerk vir die onderwysers by Thlakodisa Educare, Mokoena Maja Educare, Mologadi Educare, Makgeila Educare en Bokgobelo Mphakanyane Primêre Skool in Ga-Maja aan. Net soos in die Wes-Kaap, bied hierdie onderwysers dan self die program vir die leerdertjies in hul klasse aan.



Ons sien uit!

Kwartaal 4 lê voor en ons span het so baie om na uit te sien! Van die hoogtepunte sluit in:

- Metings wat deur eksterne assessors gedoen gaan word om die impak van ons program te meet by skole waar die HOEP program reeds vir 'n jaar of meer geïmplementeer word, teenoor kontrole-groepe (skole in dieselfde areas, maar waar die HOEP-program nog nie geïmplementeer is nie). Ons sien uit om hierdie resultate in ons volgende nuusbrief met julle te deel.
- Ons jaarlikse Kersfunksies by 'n paar skooltjies in samewerking met die Toyota Knights.

- 'n Werkswinkel wat deur Prof. Deon Els (kriminoloog, akademikus en direkteur van *Ultimate Training Dynamics*) vir ons span aangebied gaan word. Die fokus gaan val op beveiliging en paraatheid in die gevaarlike omgewings waarin ons daaglik werksaam is.

Wanneer ons, ons seëninge tel, tel ons JULLE twee keer!

Baie dankie aan elke borg, gebedsondersteuner en vriend van HOEP. Dankie dat julle deur jul kosbare vennootskappe belê in die lewens van die kinders van ons land. Sonder julle sou HOEP se voortbestaan nie moontlik gewees het nie.

Met groot waardering en dankbaarheid:

HOEP Leierskap 2026



V.l.n.r.

Nico Esterhuyse (Sasol): Direkteur HOEP NPC.

Campher Serfontein: Stigter, Hoofbestuurder en Sekretaris HOEP NPC.

Hein Coetzee (Top Fruit): Direkteur en Voorsitter HOEP NPC.

Sunette Erasmus: Direkteur HOEP NPC en Operasionele Bestuurder.

Anton van Geest (Diversifi): Direkteur HOEP NPC en Betaalmeester.

HOEP-span 2026

Agter: Olivia Oppelt, Angelique Watts, Sunette Erasmus, Campher Serfontein, Shana Keur en Lynne Jacobs.

Voor: Beverley Roberts, Abigail Snyders, Patricia Mntuyedwa en Sophia Herman.



Kontak ons gerus!



Kontak persoon: Campher Serfontein
078 702 7584

Ons is op Facebook:
Helderberg Uitreik Hemel op Aarde Projek

Besoek ons webtuiste:
www.hoep.org.za

Epos ons:
admin@hoep.org.za

Ondersteun ons in ons missie om die jong
leerders in ons land 'n goeie wegspring te gee:

Bank: ABSA
Rekeningnaam: Heaven on Earth Project NPC
Rekeningtype: Tjek
Rekeningnommer: 4123857001
Takkode: 632005
Verwysing: Naam en Van

Saamgestel deur:
Sunette Erasmus

Datum:
23 September 2026